basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DANSSTUDIES

## FEBRUARIE/MAART 2011

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Dansgeskiedenis en -teorie
   AFDELING B: Musiekteorie
   AFDELING C: Anatomie en Gesondheidsorg

2. Lees die hele vraestel aandagtig deur voordat jy begin om dit te beantwoord.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Laat DRIE reëls oop na ELKE antwoord.

6. Laat die assesseringskale wat ingesluit is, jou in die beantwoording van die vrae lei.

7. Punte word toegeken volgens die kwaliteit van jou antwoord.

8. Skryf leesbaar en bied jou werk netjies aan.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: DANSGESKIEDENIS EN -TEORIE

### VRAAG 1

Dans in Suid-Afrika is dinamies en interessant as gevolg van die diversiteit van ons kulture en die invloed wat hierdie kulture op mekaar het.

1.1 Jy het 'n inheemse/kulturele dans geleer. Noem die dans en beantwoord die vrae wat volg. Jy mag NIE 'n voorgeskrewe dans in jou antwoord gebruik NIE.

1.1.1 Waar kom hierdie dans vandaan? (1)

1.1.2 Watter tipe begeleiding word vir hierdie dans gebruik? (2)

1.1.3 Beskryf die kostuums wat vir hierdie dans gedra word. (2)

1.1.4 Verduidelik die tema/doel van die dans wat jy geleer het. (2)

1.1.5 Beskryf die bewegings in detail en/of simboliek. (3)

1.2 Kies VYF beginsels en/of kenmerke van jou hoofdansstyl en vergelyk dit met dié kruiskulturele/inheemse dansstyl wat jy geleer het. (5)

**DIE ASSESSERINGSKAAL HIERONDER WORD GEGEE OM JOU ANTWOORDE IN VRAAG 1 TE LEI.**

| VRAAG-NR. | 0 SWAK | 1 BEVREDIGEND | |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Noem nie die dans of waarvandaan die dans kom nie. | Noem die dans en waarvandaan die dans kom. | |
| | **0 SWAK** | **1 BEVREDIGEND** | **2 UITSTEKEND** |
| 1.1.2 | Noem nie die begeleidng wat gebruik word nie. | Noem die begeleidng wat gebruik | Noem die begeleidng wat gebruik duidelik. |
| | **0 SWAK** | **1 BEVREDIGEND** | **2 UITSTEKEND** |
| 1.1.3 | Kan nie die kostuums beskryf nie. | Beskryf dele van die kostuums. | Beskryf die kostuums in detail. |
| | **0 SWAK** | **1 BEVREDIGEND** | **2 UITSTEKEND** |
| 1.1.4 | Kan nie die tema of doel van die dans verduidelik nie. | Noem die doel/tema van die dans. | Verduidelik die tema/doel van die dans in detail. |
| | **0 – 1 SWAK** | **2 BEVREDIGEND** | **3 UITSTEKEND** |
| 1.1.5 | Beskryf 'n paar/geen van die bewegings wat in die dans gevind word (nie). | Beskryf die bewegings wat in die dans gevind word met 'n bietjie begrip van die simboliese betekenis waar relevant. | Beskryf die bewegings wat in die dans gevind word in detail en verduidelik met begrip die simboliese betekenis waar relevant. |
| | **0 – 2 SWAK** | **3 – 4 BEVREDIGEND** | **5 UITSTEKEND** |
| 1.2 | Vergelyk die verskille/ ooreenkomste tussen twee/een beginsel(s)/ kenmerk(e) van die twee dansstyle geleer. | Vergelyk die verskille/ ooreenkomste tussen vier beginsels/kenmerke van die twee dansstyle geleer. | Vergelyk, met insig en begrip, die verskille/ooreenkomste tussen vyf beginsels/kenmerke van die twee dansstyle geleer. |

**[15]**

**VRAAG 2**

Choreografie en improvisasie was deel van jou praktiese danseksamen. Dink oor daardie ondervinding en beantwoord die volgende vrae.

2.1 Beskryf hoe die gebruik van produksie-elemente (byvoorbeeld ligte, rekwisiete, kostuums) tot 'n danswerk bydra. (5)

2.2 Hoe kan improvisasie jou help om jou dans te choreografeer? (4)

2.3 Hoe beplan jy jou repetisies om te verseker dat hulle effektief is? (2)

2.4 Hoe het repetering van jou choreografie jou dansers se prestasievlakke verbeter? (2)

2.5 Wat sou jy anders doen, as jy jou dans weer kon choreografeer? (2)

**DIE ASSESSERINGSKAAL HIERONDER WORD GEGEE OM JOU ANTWOORDE IN VRAAG 2 TE LEI.**

| VRAAG-NR. | 0 – 2 SWAK | 3 – 4 BEVREDIGEND | 5 UITSTEKEND |
|---|---|---|---|
| 2.1 | Min begrip van wat produksie-elemente is. Kan net geen/een/twee elemente beskryf (nie). | Toon begrip van wat produksie-elemente is en hoe dit tot 'n danswerk kan bydra. Noem en beskryf drie/vier verskillende elemente. | Toon uitstekende begrip van wat produksie-elemente is en hoe dit tot 'n danswerk kan bydra/dit versterk. Noem en beskryf vyf verskillende elemente. |
| | **0 – 1 SWAK** | **2 – 3 BEVREDIGEND** | **4 UITSTEKEND** |
| 2.2 | Min/Geen begrip van die rol van improvisasie (nie) en hoe dit choreografie help. | 'n Bietjie begrip van die rol van improvisasie en hoe dit choreografie help. | Uitstekende begrip van die rol van improvisasie en hoe dit choreografie help. Kan met duidelikheid en insig verduidelik. |
| | **0 SWAK** | **1 BEVREDIGEND** | **2 UITSTEKEND** |
| 2.3 | Nie in staat om effektiewe beplanning vir repetisies te noem of te beskryf nie. | Noem 'n paar van die vereistes en beplanning nodig om effektiewe repetisies te verseker. | Verduidelik in detail die vereistes en beplanning nodig om effektiewe repetisies te verseker. Noem ten minste vier areas wat oorweeg moet word. |
| | **0 SWAK** | **1 BEVREDIGEND** | **2 UITSTEKEND** |
| 2.4 | Nie in staat om te verduidelik hoe vaardighede in die dansers tydens repetisies ontwikkel is nie. | Verduidelik hoe 'n paar vaardighede in die dansers tydens repetisies ontwikkel is. | Verduidelik in detail hoe vaardighede in die dansers tydens repetisies ontwikkel is. |
| | **0 SWAK** | **1 BEVREDIGEND** | **2 UITSTEKEND** |
| 2.5 | Nie in staat om oor die choreografieproses te besin nie. | Besin oor die choreografieproses en gee 'n paar voorstelle/redes. | In staat om met insig en begrip oor die choreografieproses te besin en gee voorstelle/redes. |

**[15]**

**VRAAG 3**

Berei 'n **aanbieding** vir jou klas voor oor EEN van die INTERNASIONALE choreograwe wat in die voorgeskrewe lys hieronder gegee word. Noem die NAAM VAN DIE CHOREOGRAAF waarna jy verwys en sluit die volgende afdelings in jou aanbieding in:

3.1 Beskryf die choreograaf se agtergrond, insluitende geboorteland, vroeë dansopleiding, persoonlike en artistiese invloede en die dansgeselskappe/instellings waar die choreograaf opgelei is/gewerk het. (6)

3.2 Verduidelik die choreograaf se prestasies, insluitende dans-/choreografiese loopbaan, ander danswerke, toekennings/erkenning ontvang en bydrae tot dans/die gemeenskap. (6)

3.3 Wat is, na jou mening, die kenmerke van die choreograaf se besondere styl? Gee redes vir jou mening. (8)

| **LYS VOORGESKREWE INTERNASIONALE CHOREOGRAWE** | **LYS VOORGESKREWE INTERNASIONALE DANSWERKE** |
|---|---|
| Alvin Ailey | *Revelations* |
| Christopher Bruce | *Ghost Dances* of *Rooster* |
| George Balanchine | *Apollo* of *Agon* |
| Marius Petipa and Lev Ivanov | *Swan Lake* |
| Martha Graham | *Appalachian Spring or Lamentation* |
| Paul Taylor | *Esplanade* |
| Vaslav Nijinsky | *Le Sacre du Printemps* |
| Joaquin Ruiz | *Mar de Tierra* |
| Antonio Gadez | *Blood Wedding or Carmen* |

**DIE ASSESSERINGSKAAL OP DIE VOLGENDE BLADSY WORD GEGEE OM JOU ANTWOORDE IN VRAAG 3 TE LEI.**

| VRAAG-NR. | 0 – 2 SWAK | 3 VOLDOENDE | 4 – 5 BEVREDIGEND | 6 UITSTEKEND |
|---|---|---|---|---|
| 3.1 | Verskaf minimale inligting oor die choreograaf se agtergrond. | Verskaf 'n bietjie inligting oor die choreograaf se agtergrond, geboorteland. Gee inligting oor vroeë opleiding of persoonlike en artistiese invloede of geselskap/instellings waar opgelei is. | Beskryf die choreograaf se agtergrond, geboorteland, vroeë opleiding, persoonlike en artistiese invloede en geselskap/instellings waar opgelei is. | As 'n aanbieding geskryf. Beskryf in detail en duidelik die choreograaf se agtergrond, geboorteland, vroeë opleiding, persoonlike en artistiese invloede en geselskap/instelling waar opgelei is. |
| | **0 – 2 SWAK** | **3 VOLDOENDE** | **4 – 5 BEVREDIGEND** | **6 UITSTEKEND** |
| 3.2 | Noem nie kortliks/ Noem die choreograaf se prestasies (nie). | Kan die choreograaf se prestasies, dans-/ choreografiese loopbaan verduidelik. Noem toekennings/erken-ning wat ontvang is. | Kan die choreograaf se prestasies, dans-/ choreografiese loopbaan verduidelik. Noem ten minste een ander danswerk (nie voorgeskryf nie) van die choreograaf. Noem toekennings/erkenning wat die choreograaf ontvang het. Noem kortliks sy/haar bydrae tot dans/die gemeenskap. | Kan die choreograaf se prestasies, dans-/ choreografiese loopbaan in detail verduidelik. Noem ten minste twee ander danswerke (nie voorgeskryf nie) van die choreograaf. Noem toekennings/erkenning wat die choreograaf ontvang het. Verduidelik in detail sy/haar bydrae tot dans/die gemeenskap. |
| | **0 – 2 SWAK** | **3 – 4 VOLDOENDE** | **5 – 6 BEVREDIGEND** | **7 – 8 UITSTEKEND** |
| 3.3 | Geen oorsig/gee 'n kort oorsig/ van 'n paar kenmerke van die choreograaf se styl (nie). | Kan 'n oorsig van die choreograaf se styl gee. | Kan 'n oorsig van die choreograaf se styl gee en met feitelike voorbeelde ondersteun. | Gee 'n duidelike, ingeligte mening oor die choreograaf se kenmerkende styl en ondersteun menings met feitelike voorbeelde. |

**[20]**

**VRAAG 4**

Kies EEN SUID-AFRIKAANSE danswerk uit die voorgeskrewe lys hieronder. Noem die NAAM VAN DANSWERK en die CHOREOGRAAF en verduidelik die volgende in detail:

4.1 Noem die produksie-elemente gebruik soos kostuums, beligting, rekwisiete en verhoogwerk en verduidelik hoe dit die bedoeling van die danswerk oordra. (14)

4.2 Noem die komponis en beskryf kortliks die musiek/begeleiding/instrumente wat in hierdie danswerk gebruik word. Evalueer hoe die musiek/begeleiding tot die sukses van die dans bygedra het en gee voorbeelde. (6)

| LYS VAN VOORGESKREWE SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE | LYS VAN VOORGESKREWE DANSWERKE |
|---|---|
| Alfred Hinkel | *Last Dance (Bolero)* |
| Carolyn Holden | *Imagenes* |
| Gary Gordon | *Bessie's Head* |
| Hazel Acosta | *Blood Wedding* |
| Mavis Becker | *Flamenco de Africa* |
| Sylvia Glasser | *Tranceformations* |
| Veronica Paeper | *Orpheus in the Underworld* |
| Vincent Mantsoe | *Gula Matari* |

**DIE ASSESSERINGSKAAL HIERONDER WORD GEGEE OM JOU ANTWOORDE IN VRAAG 4 TE LEI.**

| VRAAG-NR. | 0 – 3 SWAK | 4 – 7 VOLDOENDE | 8 – 11 BEVREDIGEND | 12 – 14 UITSTEKEND |
|---|---|---|---|---|
| 4.1 | Noem 'n paar/geen van die produksie-elemente wat in die danswerk gebruik is (nie) met minimale/ geen verduideliking van hoe dit gebruik is (nie). | Noem 'n paar van die produksie-elemente wat in die danswerk gebruik is. 'n Kort beskrywing word gegee van hoe party elemente gebruik word om die bedoeling van die werk oor te dra. | Noem van die produksie-elemente wat in die danswerk gebruik is. 'n Verduideliking word gegee van hoe elke element gebruik word om die bedoeling van die werk oor te dra en dit is met feitelike voorbeelde ondersteun. | Alle produksie-elemente wat in die danswerk gebruik is, word genoem. 'n Gedetailleerde verduideliking word gegee van hoe elke element gebruik word om die bedoeling van die werk oor te dra en dit is met feitelike voorbeelde ondersteun. |
| | **0 – 2 SWAK** | **3 VOLDOENDE** | **4 – 5 BEVREDIGEND** | **6 UITSTEKEND** |
| 4.2 | Noem/Noem nie die komponis (nie). Min/Geen beskrywing van die musiek/ begeleiding/instrumente (nie). | Noem die komponis. Beskryf die musiek/begeleiding/instrumente gebruik. | Noem die komponis. Beskryf die musiek/begeleiding. In staat om te verduidelik hoe die musiek/ begeleiding/instrumente tot die sukses van die dans bygedra het. | Noem die komponis. Beskryf die musiek/begeleiding in detail. In staat om te verduidelik hoe die musiek/begeleiding/instrumente tot die sukses van die dans bygedra het en gee gedetailleerde en insigryke voorbeelde. |

**[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 70**

## AFDELING B: MUSIEKTEORIE

### VRAAG 5

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnomeer (5.1 – 5.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

5.1 Die viool is 'n koperblaasinstrument. (1)

5.2 Die trom val in die membranofoon-kategorie. (1)

5.3 'n Driehoek is 'n voorbeeld van 'n slaginstrument. (1)

5.4 Chordofone is instrumente wat geblaas word. (1)

5.5 Die fluit val in die aërofoon-kategorie. (1)
**[5]**

### VRAAG 6

6.1 Verduidelik die betekenis van die musiekterm *toonhoogte*. (1)

6.2 Verduidelik die musiekterm *tempo* en waarom jy dink dit belangrik is in dans. (2)

6.3 Verduidelik die verskil tussen:

6.3.1 Staccato en legato (2)

6.3.2 Pianissimo en forte (2)
**[7]**

### VRAAG 7

Beantwoord die volgende musiekvrae.

7.1 Teken 'n heelnoot. (1)

7.2 Teken agstenote tot die waarde van 'n kwartnoot. (1)

7.3 Teken 'n halfnoot. (1)

7.4 Teken kwartnote tot die waarde van 'n halfnoot. (1)

7.5 Teken VIER musieknootmate en/of rustekens in 'n $\frac{\mathbf{4}}{\mathbf{4}}$-tydmaatteken. (4)
**[8]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING C: ANATOMIE EN GESONDHEIDSORG

### VRAAG 8

8.1 Gee die korrekte anatomiese name vir enige DRIE bewegings wat in die heupgewrig moontlik is. (3)

8.2 Gee die korrekte anatomiese name vir TWEE bewegings wat in die kniegewrig moontlik is. (2)

8.3 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende spiername neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (8.3.1 – 8.3.10) in die ANTWOORDEBOEK neer.

8.3.1 Die … is die hoofspier wat gebruik word om die kop te beweeg. Dit lei ook tot fleksie en rotasie van die kop.

8.3.2 Die … is verantwoordelik vir die voel van spanning in die skouers asook vir die oplig van die skouers.

8.3.3 Die … tree as hoofnleksor van die elmbooggewrig op.

8.3.4 Die … is die groot spier in die bors. Dit adduseer en roteer die humerus inwaarts.

8.3.5 Die … gee die kuit sy geronde voorkoms en help met plantaar-fleksie.

8.3.6 Die … is die swaarste spier in die liggaam en vorm die grootste gedeelte van die boude.

8.3.7 Die … gee die skouers hulle geronde voorkoms.

8.3.8 Die … bestaan uit vier spiere wat in die been gevind word.

8.3.9 Die … is die langste spier in die liggaam.

8.3.10 Die … bestaan uit drie spiere wat in die been gevind word. (10)

**[15]**

## VRAAG 9

9.1 Gee 'n definisie vir die fiksheidskomponente wat hieronder genoem word:

9.1.1 Kardiorespiratoriese uithouvermoë
9.1.2 Spieruithouvermoë
9.1.3 Krag
9.1.4 Kernstabiliteit
9.1.5 Neuromuskulêre vaardighede (5)

9.2 Verduidelik, in besonderhede, waarom dit belangrik is om voor 'n veeleisende dansklas op te warm. (4)

9.3 Wat sou 'n behoorlike dansopwarming behels? (4)

9.4 Verduidelik waarom buigbaarheid in 'n danser se opleiding belangrik is. Beveel EEN tipe veilige strektegniek aan wat sal help om buigbaarheid te verbeter en gee redes. (7)

**DIE ASSESSERINGSKAAL HIERONDER WORD GEGEE OM JOU ANTWOORDE IN VRAAG 9 TE LEI.**

| VRAAG-NR. | 0 – 2 SWAK | 3 VOLDOENDE | 4 BEVREDIGEND | 5 UITSTEKEND |
|---|---|---|---|---|
| 9.1 | In staat om twee of minder fiksheids-komponente te definieer. | In staat om drie fiksheidskomponente duidelik te definieer. | In staat om vier fiksheidskomponente duidelik te definieer. | In staat om al vyf fiksheidskomponente duidelik te definieer. |
| | **0 – 1 SWAK** | **2 VOLDOENDE** | **3 BEVREDIGEND** | **4 UITSTEKEND** |
| 9.2 | Verduideliking van die belangrikheid van opwarming is nie akkuraat nie. | Verduidelik gedeeltelik die belangrikheid van opwarming. | Verduidelik die belangrikheid van opwarming, met redes. | Verduidelik in detail die belangrikheid van opwarming, met redes. |
| | **0 – 1 SWAK** | **2 VOLDOENDE** | **3 BEVREDIGEND** | **4 UITSTEKEND** |
| 9.3 | Noem vaagweg waaruit opwarming moet bestaan. | Beskryf waaruit opwarming moet bestaan. | Beskryf akkuraat waaruit 'n behoorlike opwarming moet bestaan. | Beskryf akkuraat en in detail waaruit 'n behoorlike opwarming moet bestaan. |
| | **0 – 2 SWAK** | **3 VOLDOENDE** | **4 – 5 BEVREDIGEND** | **6 – 7 UITSTEKEND** |
| 9.4 | Min/Geen verduideliking van die belangrikheid van buigbaarheid in 'n danser se opleiding (nie). Geen voorbeeld van 'n veilige strektegniek aanbeveel nie. | Gedeeltelike verduideliking van die belangrikheid van buigbaarheid in 'n danser se opleiding. Voorbeeld van 'n veilige strektegniek is aanbeveel. | Verduideliking van die belangrikheid van buigbaarheid in 'n danser se opleiding is gegee. Voorbeeld van 'n veilige strektegniek is akkuraat en 'n paar redes is gegee. | Gedetailleerde verduideliking van die belangrikheid van buigbaarheid in 'n danser se opleiding is gegee. Voorbeeld van 'n veilige strektegniek is akkuraat en redes is goed gemotiveer. |

**[20]**

## VRAAG 10

10.1 Verduidelik die oorsake en die gevolge van oormatige spanning vir 'n danser se liggaam. (5)

10.2 Gee 'n oorsig van die tipe omgewing wat nodig sal wees vir die onderrig van ontspanning ('relaxation'). (3)

10.3 Waarom is ontspanning en asemhaling belangrik vir 'n danser se bewegings? (4)
**[12]**

## VRAAG 11

11.1 Beskryf VIER kenmerke van die korrekte dansvloer. (4)

11.2 Noem ten minste VIER beserings wat kan voorkom as 'n danser op die verkeerde tipe vloer dans. (4)

11.3 Noem hoe elke stap in die behandeling wat hieronder genoem word, help met die herstel van enige beserings. Trek die tabel hieronder in jou ANTWOORDEBOEK oor en voltooi dit.

| **EERSTEHULP** | **HOE HELP ELKE STAP IN DIE BEHANDELING MET HERSTEL?** |
|---|---|
| Rus | |
| Ys | |
| Drukking | |
| Oplig | |
| Herstel | |

(5)
**[13]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou